# Sabbatsonderhouding: Die Vierde Gebod

## "Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig."



### *Inleiding*

Dié traktaatjie is 'n poging om antwoorde te gee op vrae wat aan my gerig is deur nie-Adventiste oor die Sabbat. Daar was al baie vrae. Hier antwoord ek slegs een van hulle, maar dit is 'n belangrike een. Indien jy 'n Adventis is, mag jy dit dalk nuttig vind om mense te antwoord wat miskien'n ander sienswyse huldig as jy self.

*George Ross*

### *Is Sabbatsonderhouding 'n voorvereiste vir redding?*

Vraag van 'n nie-Adventis:

Adventiste glo dat die Ou Testament twee afsonderlike soorte wette gee, naamlik die Tien Gebooie (die Wet van God of die Morele Wet) en die seremoniële wet (die Wet van Moses).

Dit is 'n poging om Sabbatsonderhouding (soos deur die Tien Gebooie vereis word) as 'n Nuwe Testamentiese vereiste te behou, en dus ook as 'n vereiste vir redding.

Die Bybel sê dat die hele wet vervul is in Christus en dat die wet ons nie kan red nie. Kan jy asseblief 'n teks in die Ou óf Nuwe Testament aanhaal wat na dié twee tipes wette verwys?




### *Hoe om die Bybel te vertolk:*

Die manier om die Bybel te vertolk, is om die Bybel toe te laat om homself te verklaar. 'Die Woord', met ander woorde 'Die Bybel', is die enigste manier om by die waarheid, soos geïnspireer deur die Heilige Gees, uit te kom. Dié bladjie verduidelik sommige van die Bybelse feite oor die Sabbat. Dié feite word gereeld misgekyk deur baie goeie mense.




Die Adventiste Kerk glo nie dat Sabbatsonderhouding 'n metode is om redding te verdien nie. Net soos enige ander Bybelgelowige, glo ons dat daar net een manier is om gered te word en dit is deur in Jesus te glo en Hom te aanvaar as jou Redder. **Redding kan nie verdien word nie.** Ek vertrou dat niemand jou oor hierdie baie belangrike en fundamentele saak sal mislei nie.





**Daar is inderdaad meer as net twee** verskillende tipes wette in die Ou Testament!

Jy het verwys na twee wette, die morele en die seremoniële wet.


Hierbenewens is daar ook die siviele en gesondheidswette.

**Lees** Deuteronomium 31 verse 24 tot 27. Hierdie teks beskryf 'n ander wet as die Tien Gebooie, een wat buite die Ark van die Verbond bestaan het.

**Lees dan** Deuteronomium 10 verse 1 en 2. Hierdie verse beskryf die Tien Gebooie, wat binne die Ark van die Verbond was.



Dink bietjie na oor wat jy sê oor die Sabbat: As daar geen wet is nie, dan het ons niks verkeerds gedoen nie. Indien ons niks verkeerds gedoen het nie, waarom het ons dan genade nodig? Genade impliseer inherent dat ons iets verkeerds gedoen het en dus genade nodig het. Hoe kan ons immers iets verkeerds doen as daar niks verkeerds is om te doen nie? Dit is die Wet wat bepaal wat verkeerd is.






Dis onsinnig om te beweer dat die Nuwe Testament die Ou Testament verwerp. Jesus self glo in die Ou Testament en aanvaar dat dit nog steeds geldig is, aangesien Hy dikwels daaruit aanhaal.

Lukas se evangelie maak dit nog duideliker: "Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een tittel van die wet sou val." (Lukas 16:17)

**"En die kinders van Israel moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond." Eksodus 31:16**




**Wie is die kinders van Israel in die Nuwe Testament?**

Gal 6:16: "En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!" (Nota: Die Brief aan die Galasiërs spreek nie net tot die Jode nie. Nie-Jode wat geglo het, is ook die 'Israel van God' genoem.)

Galasiërs 4:28 "Maar ons, broeders, is soos Isak, kinders van die Belofte."

**Matt 5:19:** "Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele."
**Matt 5:18:** "Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie."




**Die OAV (1933-53) en die NLV in Afrikaans moet eintlik saamgelees word om dit goed te kan verstaan.**




**Galasiërs 3:26-29:** "Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee. Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus. En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die Belofte erfgename."

**"Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed."** Romeine 7:12




### Psalm 119

*Vers 5:* "Ag, was my weë maar vas om u insettinge te onderhou!"

*Vers 6:* "Dan sal ek nie beskaamd staan as ek op al u gebooie let nie."

*Vers 7:* "Ek sal U loof in opregtheid van hart as ek u regverdige verordeninge leer."











Die woord 'wet' verwys in die algemeen na alle wette. As jy hof toe gaan vir 'n parkeerboete, is dit omdat jy 'n bepaalde wet oortree het. Die hof sal egter nie dieselfde wet toepas op iemand wat moord gepleeg het nie. Nietemin beteken dit nie dat 'n *misdryf* oor dieselfde kam geskeer word as 'n *misdaad* nie, selfs al word dieselfde woord 'wet' vir albei gebruik, nie waar nie?




Dit is nie moontlik en sekerlik ook nie skriftuurlik om die skrif aan te pas by jou oortuigings nie.

As die Wet nie meer geldig is nie, is ons ook nie skuldig nie. En as ons nie skuldig is nie, waarom het ons dan vergifnis of genade nodig?

**Die Wet, Vergifnis en Genade is konsepte wat onskeibaar in mekaar verweef is.**



Die hele konsep van Genade kan nie bestaan as ons nie skuldig is aan die oortreding van 'n wet nie. As die wet nie meer geldig is nie, moet alle tekste oor Genade ook van geen waarde meer wees nie.

Net so kan die konsep van Vergifnis ook nie meer bestaan as daar geen oortreding was nie.

**Wat bly oor van die Bybel as jy daarmee klaar is?**




**Maak seker jou Bybel is God se Woord!**

Moenie op net een vertaling staatmaak nie (veral nie 'n parafrase nie). Sommige vertalings is uit 'n spesifieke oogpunt gedoen, byvoorbeeld Rooms Katoliek. Baie moderne Bybels gebruik slegs die Alexandrynse grondteks, wat woorde en frases op honderde plekke uitlaat.
**Gebruik eerder meer as een vertaling, soos die OAV 1933/53 en die NLV 2006 (CUM).**



### Kom ons maak een ding baie duidelik:

Ons word gered deur God se Genade en sy Geregtigheid, nié deur ons eie werke nie.

Maar dan moet ons onthou: die produk van ons verbintenis met Jesus, die nuwe lewe, word gesien aan hoe ons van dag tot dag lewe.

Johannes 14:15: "As julle My liefhet, bewaar my Gebooie."



Dit sal jou dalk interesseer om te weet dat al die hoofstroom-Protestantse kerke dit verstaan en aanvaar dat daar sowel morele as seremoniële wette is. Voorts aanvaar hulle ook dat die Tien Gebooie onweerlegbaar is, aangesien hulle deur die 'Vinger van God' geskryf is.

**CH Spurgeon, die befaamde Baptisteprediker, was bekend vir sy ondersteuning van die onderhouding van die Sabbat. (Hy het m.a.w. die verskil tussen die seremoniële en die morele wette ingesien.)**

Traktaat:
George Ross

Kontak Neville gerus:

Whatsapp:
+264 811 285 323

e-pos:
neville@awr.org

